



Sorgomil® Gold
600SC

syngenta®

Reg. Nr. L6221 Wet Nr. 36 van 1947 N-AR 1436 (Namibië) W130603 (Botswana)

'n Suspensiekonsentraat onkruidoder vir selektiewe vooropkom- en vroeë n- opkombeheer van die meeste eenjarige breëblaaronkruid asook sommige grasse in graansorghum en mielies en as 'n gerigte bespuiting in appels, avokados, veselperskes, wingerd, sitrus en *Eucalyptus* plantasies.

| | | |
|-------|----|-------------|
| GROUP | 5 | ONKRUIDODER |
| | 15 | |

Aktiewe Bestanddeel:
s-metolachlor (α -chloroacetamide).. 102.8 g/l
terbutiliasien (triasien)..... 497.2 g/l

Product names marked ® or ™, the ALLIANCE FRAME the SYNGENTA Logo and the PURPOSE ICON are Trademarks of a Syngenta Group Company



WAARSKUWING

Gevaarstellings: Kan 'n allergiese velreaksie veroorsaak. Mag skade aan organe veroorsaak deur langdurige of herhaalde blootstelling. Baie giftig vir waterlewe met langdurige effekte.

Voorsorgaanbevelings: Hou buite bereik van kinders. **Voorkoming:** Moenie mis of damp(e) inasem nie. Dra beskermende handskoene. **Reaksie:** Kry mediese advies/aandag as jy onwel voel. Indien velirritasie of uitslag voorkom, kry mediese advies/aandag. Trek besmette kleren uit en was voor hergebruik. Versamel gemorste produk. **Berging:** Stoor toegesluit. **Verwydering:** Gooi inhoud/houer weg na 'n goedgekeurde herwinningsaanleg.

NOOD TEL NO.:
+27 82 446 8946 (Griffon)

UN 3082

Registrasiehouer
Syngenta SA (Edms.) bpk.
Mpy. Reg. Nr. 1998/013761/07
Privaatsak X 60
HALFWAY HOUSE, 1685
Tel.: +27 11 541 4000

1. WAARSKUWINGS:

Gevaarstellings: Kan 'n allergiese velreaksie veroorsaak. Mag skade aan organe veroorsaak deur langdurige of herhaalde blootstelling. Baie giftig vir waterlewe met langdurige effekte.

- Giftig indien ingesluk.
- Berg in 'n koel plek.
- Berg weg van voedsel en voer.
- Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.
- **Herbetreding:** Moet nie behandelde gebiede betree alvorens die spuitneerslag droog is nie tensy beskermde oorklere gedra word.
- **Lugtoediening:** Stel al die bewoners in die onmiddellike omgewing van die gebied wat bespuit gaan word in kennis en reik die nodige waarskuwings uit. Moet nie oor aangrensende gebiede, of water spuit, of die spuitnewel toelaat om dit te besoedel nie.

Hoewel hierdie middel omvattend onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie. Die werking en doeltreffendheid daarvan kan beïnvloed word deur faktore soos abnormale grond-, klimaats- en bergingstoestande, kwaliteit van die verdunningswater, verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui word nie en die voorkoms van weerstand van die onkruid teen die betrokke middel sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei en die omgewing of nadelige invloede op mens of dier of vir 'n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van versuim van die gebruiker om etiketaanwysings na te kom, of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in die geval van enige onsekerheid.

2. VOORSORGMAATREËLS

Voorsorgaanbevelings: Hou buite bereik van kinders. **Voorkoming:** Moenie mis of damp(e) inasem nie. Dra beskermende handskoene. **Reaksie:** Kry mediese advies/aandag as jy onwel voel. Indien velirritasie of uitslag voorkom,

kry mediese advies/aandag. Trek besmette kleren uit en was voor hergebruik. Versamel gemorste produk. **Berging:** Stoor toegesluit. **Verwydering:** Gooi inhoud/houer weg na 'n goedgekeurde herwinningsaanleg.

- Moet nie die spuitnewel inasem nie.
- Vermoed velkontak.
- Was met seep en water na gebruik.
- Was besmette kleren na gebruik.
- Moet nie eet, drink of rook tydens vermenging of toediening van die produk of voordat hande en gesig gewas is nie.
- Moet nie meng en laai nader as 15 meter vanaf boorgate, strome, riviere en damme nie.
- Moet nie nader as 15 meter van boorgate, strome en riviere toedien nie.
- Moet nie nader as 60 meter toedien van damme nie.
- Verseker dat geen terugsyfering plaasvind na boorgate of damme wanneer die produk toegedien word deur 'n besproeiingssisteem nie.
- Vermoed spuitnewel op ander gewasse, weiveld, riviere, damme en plekke wat nie behandel moet word nie.
- Maak toedieningsapparaat skoon na gebruik.
- Uitspoelwater moet nie gewasse, weiveld, riviere, damme en boorgate besoedel nie.
- Voorkom die besoedeling van voedsel, voer, drinkwater en eetgerei.
- Spoel die leë houer drie (3) maal uit met 'n volume skoon water gelykstaande aan 'n minimum van 10% van die houer. Gooi die spoelwater by die inhoud van die spuittenk voordat die houer op die voorgeskrewe wyse vernietig word.
- Moet die leë houer vir geen ander doel gebruik nie.

3. RELEVANTE STOWWE:

| Chemiese naam | |
|--|----------------------|
| terbutieliasien (ISO) | |
| Klassifikasie | Konsentrasie (% w/w) |
| Akute Toks. 4; H302 STOT RE 2; H373 Akwatiese Akut 1; H400 Akwatiese Chronies 1; H410 | ≥ 30 - < 50 |

| Chemiese naam | |
|--|----------------------|
| terbutielasien (ISO) vervolg | |
| Klassifikasie | Konsentrasie (% w/w) |
| M-Faktor (Akute akwatiese toksisiteit): 10 M-Faktor (Chroniese akwatiese toksisiteit): 10 | ≥ 30 - < 50 |
| Chemiese naam | |
| s-metolachlor (α-chloorasetamied) | |
| Klassifikasie | Konsentrasie (% w/w) |
| Vel Sens. 1; H317 Akwatiese Akut 1; H400 Akwatiese Chronies 1; H410 M-Faktor (Akute akwatiese toksisiteit): 10 M-Faktor (Chroniese akwatiese toksisiteit): 10 | ≥ 2,5 - < 10 |
| Chemiese naam | |
| 1,2-bensisotiasool-3(2H)-een | |
| Klassifikasie | Konsentrasie (% w/w) |
| Akute Toks. 4; H302 Vel Irrit. 2; H315 Oog Skade. 1; H318 Vel Sens. 1; H317 Akwatiese Akut 1; H400 Akwatiese Chronies 2; H411 M-Faktor (Akute akwatiese toksisiteit): 1 | ≥ 0,025 - < 0,05 |
| Chemiese naam | |
| reaksiemassa van 5-chloor-2-metiel-2H-isotiasool-3-een, en 2-metiel-2H-isotiasool-3-een (3:1) | |
| Klassifikasie | Konsentrasie (% w/w) |
| Akut Toks. 3; H301 Akut Toks. 2; H330 Akut Toks. 2; H310 Vel Kor. 1C; H314 Oog Skade. 1; H318 | ≥ 0,0002 - < 0,0015 |

4. WEERSTANDBESTUUR:

SORGOMIL GOLD 600 SC is 'n groeppkode 5 en 15 onkruidodder. Enige populasie van 'n spesifieke onkruid mag individue insluit wat 'n natuurlike weerstand teen **SORGOMIL GOLD 600 SC**, of enige ander groeppkode 5 en 15 onkruidodder het. Indien hierdie onkruidodders in herhaaldelike en eksklusiewe programme aangewend word, kan die weerstandbiedende individue uiteindelik die onkruid populasie oorheers. Hierdie weerstandbiedende onkruid sal waarskynlik nie deur **SORGOMIL GOLD 600 SC** of enige ander groeppkode 5 en 15 onkruidodder, beheer word nie.

Om weerstand teen onkruidodders te vertraag:

- Vermy die herhaaldelike en eksklusiewe gebruik van onkruidodders in dieselfde onkruidodder groeppkode. Wissel af met, of gebruik tenkmengsels van produkte in verskillende onkruidodder groeppcodes.

- Integreer ander beheermaatreëls (chemies, verbouing, biologies) in onkruidodder programme.

Vir spesifieke inligting oor weerstandsbestuur kontak die registrasiehouer van hierdie produk.

5. GEBRUIKSBEPERKINGS:

5.1 MIELIES EN GRAANSORGHUM

Om skade aan opvolggewasse te voorkom, moet die volgende wagperiodes in ag geneem word:

| | | |
|----|---|---|
| a) | Graansorghum, mielies en suikerriet | geen |
| b) | Aartappels, droëbone, grondbone, kleingraan, sojabone, sonneblomme en voersorghum | 18 maande |
| c) | Alle ander gewasse | 24 maande ('n Toetsplanting word aanbeveel) |

5.2 BOORDGEWASSE

- Moet nie tenkmengsels van **SORGOMIL GOLD 600 SC** en glifosaat aan steenvrugtebome toedien nie.
- Moet nie tenkmengsels van **SORGOMIL GOLD 600 SC** en glifosaat aan appel-, advokado-, veselperske- en sitrusbome asook wingerde binne een (1) jaar na uitplant toedien nie. Voorkom die behandeling van jong ingeplante stokke en bome in gevestigde wingerde en boorde.
- Moet nie tenkmengsels van **SORGOMIL GOLD 600 SC** en glifosaat toedien aan appel-, avokadopeer-, veselperske- en sitrusbome of wingerde wat aan spoorelementtekorte onderhewig is, op alkaliese gronde groei, of swak gedreineerde gronde nie.
- Tenkmengsels van **SORGOMIL GOLD 600 SC** en glifosaat het 'n relatiewe lang nawerking in die grond en gevoelige gewasse soos groente, peulplante en wintergraan moet nie geplant word op gronde wat minder as 18 maande van te vore met tenkmengsels van **SORGOMIL GOLD 600 SC** en glifosaat behandel is nie.
- Groot onkruid ten tye van toediening kan die onkruidodder onderskep en 'n nadelige invloed op die residuele beheer van eenjarige breëblaaronkruid hê.
- Om skade te vermy, moet 'n geskikte toedieningstegniek gekies word wat die raakspruit van groen lote (winterbehandeling), groen bas (bome jonger as vier [4] jaar), lae takke en blare met tenkmengsels van **SORGOMIL GOLD 600 SC** en glifosaat verhoed.

Belangrik

- Bogenoemde wagperiodes geld slegs indien die korrekte hoeveelheid **SORGOMIL GOLD 600 SC** toegedien is en normale of bogemiddelde reënval na die toediening van **SORGOMIL GOLD 600 SC** voorgekom het.
- Waar **SORGOMIL GOLD 600 SC** toegedien is op gronde wat uitsit by natwording en kraak of krummel by uitdroging, soos byvoorbeeld turfgronde, mag dit veel langer in die grond aktief bly as wat deur bostaande wagperiodes aangedui word. Gevolglik moet **SORGOMIL GOLD 600 SC** nie op sulke gronde gebruik word nie indien gevoelige gewasse in die voorsienbare toekoms daarop geplant mag word.

6. ONKRUIDE WAT BEHEER WORD

6.1 MIELIES EN GRAANSORGHUM

Die volgende onkruidsoorte word normaalweg goed deur **SORGOMIL GOLD 600 SC** beheer teen die toedieningshoeveelhede en omstandighede soos hieronder aangedui:

| Breëblaaronkruid | |
|--|--|
| <i>Acanthospermum australe</i> <i>Acanthospermum glabratum</i> <i>Amaranthus hybridus</i> <i>Amaranthus thunbergii</i> <i>Bidens bipinnata</i> <i>Bidens pilosa</i> <i>Chenopodium album</i> <i>Chenopodium carinatum</i> * <i>Commelina benghalensis</i> * <i>Cosmos bipinnatus</i> <i>Crotalaria sphaerocarpa</i> * <i>Cucumis myriocarpus</i> * <i>Datura ferox</i> * <i>Datura stramonium</i> <i>Galinsoga parviflora</i> <i>Gisekia pharnaceoides</i> * <i>Hibiscus cannabinus</i> <i>Hibiscus trionum</i> * <i>Ipomoea purpurea</i> <i>Nicandra physaloides</i> <i>Physalis angulata</i> <i>Portulaca oleracea</i> <i>Schkuhria pinnata</i> <i>Tagetes minuta</i> * <i>Tribulus terrestris</i> * <i>Xanthium strumarium</i> | agtsadige kruipsterklits vyfsadige kruipsterklits gewone misbredie rooimisbredie Spaanse knapsekêrel knapsekêrel withondebossie groenhondebossie Bengalse wandelende Jood kosmos mielie-Crotalaria wildekomkommer grootstinkblaar stinkblaar knopkruid Gisekia wildestokroos terblansbossie purperwinde basterappelliefie wilde-appelliefie porslein kleinkakiebos kakiebos dubbeltjie kankerroos |
| Grassoorte | |
| <i>Chloris virgata</i> <i>Eleusine indica</i> <i>Panicum schinzii</i> <i>Setaria pallide-fusca</i> | witpluim-Chloris jongosgras soetbuffelsgras rooiborselgras |
| * Hierdie onkruid word goed beheer deur na-opkomtoedienings van SORGOMIL GOLD 600 SC . Die beheer daarvan met voor-opkomtoedienings is egter wisselvallig. | |

Betroubare beheer van bogenoemde grasse word slegs verkry wanneer **SORGOMIL GOLD 600 SC** voor-opkom toegedien word. Dit impliseer egter ook betroubare beheer indien toediening na 'n tussenrybewerking plaasvind. Soetbuffelsgras (*P. schinzii*) mag soms onbevredigend beheer word.

6.2 BOORDGEWASSE

Die volgende onkruid word normaalweg deur 'n gerigte na-opkom bespuiting van 'n tenkmengsel van **SORGOMIL GOLD 600 SC** en glifosaat beheer teen die toedieningshoeveelhede soos hieronder aangedui:

| Breëblaaronkruid | |
|---|--|
| <i>Acanthospermum australe</i> <i>Amaranthus hybridus</i> <i>Anagallis arvensis</i> <i>Arctotheca calendula</i> <i>Bidens bipinnata</i> <i>Bidens pilosa</i> <i>Chenopodium album</i> <i>Conyza sumatrensis</i> <i>Echium lycopsis</i> <i>Erodium moschatum</i> <i>Galinsoga parviflora</i> <i>Hypochoeris radicata</i> <i>Ipomoea purpurea</i> | agtsadige kruipsterklits gewone misbredie pimpernel soetgousblom Spaanse knapsekêrel knapsekêrel withondebossie vaalskraalhans pers-Echium turknael knopkruid harige skaapslaai purperwinde |

| <i>Lactuca serriola</i> <i>Medicago polymorpha</i> <i>Oenothera</i> spp. <i>Picris echioides</i> <i>Plantago lanceolata</i> <i>Raphanus raphanistrum</i> <i>Senecio consanguineus</i> <i>Sonchus oleraceus</i> <i>Tagetes minuta</i> <i>Triumfetta</i> sp. | wildeslaai klitsklawer nagblom stekel Picris smalweëblaar ramenas hongerbos-Senecio sydissel kakiebos klitsbossie |
|---|--|
| Grassoorte | |
| <i>Bromus diandrus</i> <i>Bromus unioloides</i> <i>Digitaria sanguinalis</i> <i>Eleusine indica</i> <i>Lolium</i> spp. <i>Panicum maximum</i> <i>Paspalum dilatatum</i> <i>Poa annua</i> | predikantsluis reddingsgras kruisvingergras jongosgras raaigras gewone buffelsgras gewone Paspalum wintergras |

Moeilik-beheerbare meerjarige grasse en meerjarige breëblaaronkruid sal slegs aanvanklik onderdruk word. Waar kol- of strookbeheer toegepas word, sal 'n tenkmengsel van **SORGOMIL GOLD 600 SC** en glifosaat nie verhoed dat die area binnegedring word deur rankplante wat gewortel is buite die behandelde area nie.

Die volgende breëblaaronkruid word normaalweg voor-opkom goed beheer na 'n aanvanklike na-opkomstoediening van 'n tenkmengsel van **SORGOMIL GOLD 600 SC** en glifosaat:

| | |
|---|--|
| <i>Acanthospermum australe</i> <i>Acanthospermum glabratum</i> <i>Amaranthus hybridus</i> <i>Amaranthus thunbergii</i> <i>Bidens bipinnata</i> <i>Bidens pilosa</i> <i>Chenopodium album</i> <i>Chenopodium carinatum</i> <i>Galinsoga parviflora</i> <i>Gisekia pharnacioides</i> <i>Hibiscus trionum</i> <i>Nicandra physaloides</i> <i>Physalis angulata</i> <i>Portulaca oleracea</i> <i>Schkuhria pinnata</i> <i>Tagetes minuta</i> | agtsadige kruipsterklits vyfsadige kruipsterklits gewone misbredie rooimisbredie Spaanse knapsekêrel knapsekêrel withondebossie groenhondebossie knopkruid Gisekia terblansbossie basterappelliefie wilde-appelliefie porslein kleinkakiebos kakiebos |
|---|--|

7. GEBRUIKSAANWYSINGS: Gebruik slegs soos aangedui.

7.1 Verenigbaarheid

Die verenigbaarheid van **SORGOMIL GOLD 600 SC** met ander produkte kan beïnvloed word deur die formulering van die betrokke produkte asook deur die kwaliteit van die water. Aangesien die formulering van produkte kan verander sonder die medewete van Syngenta en die kwaliteit van die water ook van plaas tot plaas kan varieer, moet 'n fisiese verenigbaarheidstoets altyd uitgevoer word voordat gespuit word.

SORGOMIL GOLD 600 SC is verenigbaar met glifosaat en paraquat indien 'n verenigbaarheidsmiddel soos SPRAY-AIDE bygevoeg word. Gebruik 0.24% v/v SPRAY-AIDE indien **SORGOMIL GOLD 600 SC** met glifosaat gemeng word en 0.03% v/v indien **SORGOMIL GOLD 600 SC** met paraquat gemeng word. Meng die benodigde hoeveelheid SPRAY-AIDE deeglik met die toedieningswater. Voeg vervolgens die benodigde hoeveelheid **SORGOMIL GOLD 600 SC** gevolg deur glifosaat of paraquat by.

7.2 Menginstruksies

Skud goed voor gebruik. Plaas skroefdop terug na gebruik.

- Maak die spuittenk halfvol met water en voeg die benodigde hoeveelheid **SORGOMIL GOLD 600 SC** of **SORGOMIL GOLD 600 SC** plus GESAPRIM 90 WG (L4764) by en roer goed. Waar SERVIAN (L5617) saam met **SORGOMIL GOLD 600 SC** gebruik word, moet die SERVIAN eerste bygevoeg word.
- Vul die spuittenk daarna verder met water totdat die verlangde volume verkry word.
- Wanneer DUAL GOLD (L5749) of METAGAN GOLD (L5748) by **SORGOMIL GOLD 600 SC**, of **SORGOMIL GOLD 600 SC** plus GESAPRIM 90 WG, gevoeg word, moet die DUAL GOLD of METAGAN GOLD laaste net voor die bereiking van die finale volume bygevoeg word.
- Maak seker dat die mengsel aanhoudend deeglik geroer word tydens vul en toediening.
- Tenkmengsels moet onmiddellik uitgespuit word en nie toegelaat word om in die spuittenk te staan nie.

7.3 Toedieningstegnieke

7.3.1 Voor-opkom

SORGOMIL GOLD 600 SC kan voor-opkom toegedien word tydens of onmiddellik nadat geplant is in varsbewerkte grond om sodoende 'n onkruidvrye saadbed te verseker. Die grond moet 'n egalige en ferm oppervlak hê, sonder groot kluite. Reënval kort na toediening is noodsaaklik om die onkruiddoder te aktiveer. Indien droë toestande dus vir 'n periode van 7 - 14-dae na toediening voortduur, mag onkruid opkom en ontwikkel. Waar dit gebeur, moet 'n vlak bewerking, byvoorbeeld met 'n roltandeg, uitgevoer word om hierdie onkruid te vernietig.

7.3.2 Na-opkom

SORGOMIL GOLD 600 SC kan ook na-opkom toegedien word voordat die breëblaaronkruid verder as die 4-blaarstadium ontwikkel het. 'n Grasonkruiddoder moet voor-opkom toegedien word ten einde die grasonkruid te beheer. Waar grasonkruid nie beheer is nie of breëblaaronkruid verder as die 4-blaarstadium ontwikkel het, moet hierdie onkruid eers met 'n bewerking vernietig word en die **SORGOMIL GOLD 600 SC** op skoon grond toegedien word. 'n Mengsel van **SORGOMIL GOLD 600 SC** en SERVIAN kan na-opkom toegedien word om uittjies en breëblaaronkruid te beheer.

Dien tenkmengsels van **SORGOMIL GOLD 600 SC** en glifosaat toe op aktiefgroeiende onkruid wat nie onder vog of temperatuurstremming verkeer nie. Reën of besproeiing 'n paar dae voor toediening sal die beheer verbeter. Moenie tenkmengsels van **SORGOMIL GOLD 600 SC** en glifosaat toedien op onkruid wat nat is of deur 'n dik laag stof bedek word nie. Gebruik altyd skoon water. Vermyn die gebruik van brak of modderige water of water met 'n hoë-klei en/of slikinhoud.

7.4 Grondtoediening

SORGOMIL GOLD 600 SC kan met enige medium- of hoë-volume spuittoerusting wat met 'n doeltreffende

roermeganisme toegerus is en wat oor voldoende bedekking en verspreiding beskik, toegedien word. Die beste resultate word verkry deur van waaiertipe spuitpunte gebruik te maak en 'n minimum spuitvolume van 200 ℓ/ha water toe te dien. Tenkmengsels van **SORGOMIL GOLD 600 SC** en glifosaat kan ook met 'n rugsakspuit toegedien word.

7.5 Lugtoediening

Hierdie produk mag slegs deur lugbespuiting toegedien word deur 'n geregistreerde lugbespuiting operateur met 'n korrek gekalibreerde, geregistreerde vliegtuig volgens die instruksies van SANS 10118 (Aerial application of Agricultural Remedies). Dit is belangrik om te verseker dat die spuitmengsel eweredig oor die teikenarea versprei word en dat die verlies aan spuitmengsel tydens toediening tot 'n minimum beperk word. Dit is dus belangrik om aan die volgende kriteria te voldoen:

a) Toediening parameters:

- **Volume:** 'n Volume van 30 ℓ/ha (voor-opkoms) en 35 ℓ/ha (na-opkoms) word aanbeveel. Aangesien hierdie produk nie teen 'n verlaagde volume getoets is nie, kan die registrasiehouer nie effektiwiteit waarborg, of verantwoordelik gehou word vir enige nadelige effekte indien hierdie produk teen 'n laer volume, as hierbo aanbeveel, uit die lug toegedien word nie.
- **Druppelbedekking:** 'n Druppelbedekking van 20 - 30 drup pels/cm² (voor-opkoms) en 30 - 45 druppels/cm² (na-opkoms) moet op die teikenarea herwin word.
- **Druppelgrootte:** 'n Druppelspektrum met 'n VMD van 350 - 400 mikrons (voor-opkoms) en 300 - 350 mikrons (na-opkoms) word aanbeveel. Verseker dat die produksie van fyn druppels (kleiner as 150 mikrons – hoë drywing en verdampingspoten siaal) tot 'n minimum beperk word.
- **Vlieghoogte:** Die hoogte van die spuitbalk moet op 3 - 4 meter bo die teiken gehandhaaf word. Moet nie spuit wan neer die vliegtuig aan die bopunt is van, of tydens 'n duik nie, of terwyl dit uitklim of draai nie.

b) Toerusting:

- Gebruik geskikte spuitapparaat (hidroliese of roterende spuitkoppe) wat die vereiste druppelgrootte en bedekking sal produseer, maar wat die minste verlies van produk deur endodrywing (binne die teikenarea) of eksodrywing (buite die teikenarea) sal verseker.
- Die operateur moet 'n stelsel kies wat 'n druppelspektrum met die kleinste moontlike relatiewe span sal produseer.
- Al die spuitneuse/atomiseerders moet in die binnste 60 - 75% van die vlerkspan geplaas word om die beweging van druppels in die vlerkvorteks in te beperk.

c) Meteorologiese toestande:

- Die verskil in temperatuur tussen die nat- en droëboltermometer van 'n swaaihgrometer, moet nie 8°C oorskry nie. Die byvoeging van 'n geskikte anti-evaporant word aanbeveel indien die VMD van die druppels kleiner as 200 - 250 mikrons is.
- Stop bespuiting indien die windspoed 15 km/uur oorskry.
- Hierdie produk moet nie uit die lug toegedien word tydens onstabiele, turbulente toestande gedurende die hitte van die dag wanneer styg en dalende konveksie windbeweging plaasvind nie.
- Dit is belangrik om daarop te let dat die lugtoediening van hierdie produk onder temperatuur inversie toestande (deur bo of binne die inversie laag te spuit) die volgende

probleme mag aanleiding gee.

- Verlaagde effektiwiteit aangesien die druppels as 'n wolk in die lug bly hang en moontlik verdamp (onvoldoende bedekking op teiken).
- Skade aan ander nie-teiken gewasse of ander sensitiewe areas a.g.v die wegdryf van die spuitwolk tot by daardie area.

Dit is noodsaaklik om versekering van die spuitoperateur te verkry dat aan bogenoemde vereistes voldoen sal word.

8. TOEDIENINGSHOEVEELHEDE:

Belangrik:

Onderstaande toedieningshoeveelheede geld vir algehele oppervlaktebespuitings. In die geval van strookbehandeling moet die korrekte hoeveelheid volgens strook en rywydtes bereken word.

8.1 GRAANSORGHUM

8.1.1 Voor-opkomtoediening

SORGOMIL GOLD 600 SC of **SORGOMIL GOLD 600 SC** plus **DUAL GOLD / METAGAN GOLD** kan voor-opkom op graansorghum gebruik word mits die saad vooraf deeglik volgens voorskrif met **CONCEP® 960 EC (L5051)** behandel is.

TABEL 1: VOOR-OPKOMTOEDIENING VAN SORGOMIL GOLD 600 SC OF SORGOMIL GOLD 600 SC PLUS DUAL GOLD / METAGAN GOLD IN GRAANSORGHUM:

| Grondtipe | % Klei | SORGOMIL GOLD 600 SC (€/ha) | SORGOMIL GOLD 600 SC + DUAL GOLD / METAGAN GOLD (€/ha) |
|----------------------------------|---------|-----------------------------|--|
| Sand/sandleem | 0 - 20 | NIE AANBEVEEL | |
| Sandkleileem | 21 - 30 | 3 | 3 + 0.5 |
| Sandkleileem/sandklei | 31 - 35 | 3.7 | 3.7 + 0.6 |
| Swaarder gronde insluitende turf | > 35 | NIE AANBEVEEL | |

Hierdie tenkmengsel met **DUAL GOLD / METAGAN GOLD** kan gebruik word om grasse anders as bogenoemde asook geeluintjies (*Cyperus esculentus*) onder sekere omstandighede, te beheer. Raadpleeg die **DUAL GOLD / METAGAN GOLD** etiket.

8.1.2 Na-opkomtoediening

SORGOMIL GOLD 600 SC kan na-opkom op graansorghum toegedien word, maar die gewas moet ten minste die 5-blaar stadium bereik het. 'n Voorafbehandeling van die sorghumsaad met **CONCEP 960 EC** word nie vereis nie.

TABEL 2: NA-OPKOMTOEDIENING VAN SORGOMIL GOLD 600 SC IN GRAANSORGHUM:

| Grondtipe | % Klei | SORGOMIL GOLD 600 SC (€/ha) |
|----------------------------------|---------|-----------------------------|
| Sand/leemsand | 0 - 15 | NIE AANBEVEEL |
| Sandleem | 16 - 20 | 2.6 |
| Sandkleileem | 21 - 30 | 3 |
| Swaarder gronde insluitende turf | > 30 | 3 |

Belangrik:

Die bevorderingsmiddel **COMPLEMENT SUPER (L8169)** moet by die **SORGOMIL GOLD 600 SC** spuitmengsel gevoeg word.

Bogenoemde behandelings sal nie bevredigende beheer van grasse gee nie.

8.1.3 Na-opkom voorafgegaan deur **DUAL GOLD / METAGAN GOLD** (splittoediening)

SORGOMIL GOLD 600 SC kan ook na-opkom in graansorghum gebruik word nadat **DUAL GOLD / METAGAN GOLD** voor-opkom toegedien is. **DUAL GOLD / METAGAN GOLD** kan egter slegs gebruik word mits die sorghumsaad vooraf deeglik volgens voorskrif met **CONCEP 960 EC** behandel is.

TABEL 3: VOOR-OPKOMTOEDIENING VAN DUAL GOLD / METAGAN GOLD GEVOLG DEUR NA-OPKOM TOEDIENING VAN SORGOMIL GOLD 600 SC IN GRAANSORGHUM

| Grondtipe | % Klei | Voor-opkom DUAL GOLD / METAGAN GOLD (€/ha) | Na-opkom SORGOMIL GOLD 600 SC (€/ha) |
|----------------------------------|---------|--|--------------------------------------|
| Sand/leemsand | 0 - 15 | NIE AANBEVEEL | |
| Sandleem | 16 - 20 | 0.5 | 2.6 |
| Sandkleileem | 21 - 30 | 0.6 | 3 |
| Swaarder gronde insluitende turf | > 30 | 0.7 - 1 | 3 |

Belangrik:

Die bevorderingsmiddel **COMPLEMENT SUPER** moet by die **SORGOMIL GOLD 600 SC** spuitmengsel gevoeg word.

Die hoër-toedieningshoeveelheid van **DUAL GOLD / METAGAN GOLD** op swaarder gronde kan gebruik word om die beheer van geeluintjie (*C. esculentus*) asook die beheer van litjiesinjalgras (*B. eruciformis*) op turf te verbeter.

Verseker dat voldoende kunsmis naby die saad geplaas word ten einde aktiewe saailinggroei te bevorder.

8.2 MIELIES (voor-opkom)

8.2.1 SORGOMIL GOLD 600 SC alleenlik

TABEL 4: VOOR-OPKOMSTOEDIENINGS HOEVEELHEDE VAN SORGOMIL GOLD 600 SC IN MIELIES:

| Grondtipe | % Klei | SORGOMIL GOLD 600 SC (€/ha) |
|----------------------------------|---------|-----------------------------|
| Sand | 0 - 10 | 2.2 |
| Leemsand/sandleem | 11 - 20 | 2.6 |
| Sandkleileem | 21 - 30 | 3 |
| Swaarder gronde insluitende turf | > 30 | NIE AANBEVEEL |

7.2.2 SORGOMIL GOLD 600 SC plus DUAL GOLD

Om beheer van ander eenjarige grassoorte (bv. *Urochloa* spp., *P. schinzii* en *Digitaria* spp.) asook geeluintjies (*C.*

esculentus) te verkry moet DUAL GOLD as volg by SORGOMIL GOLD 600 SC gevoeg word:

TABEL 5: VOOR-OPKOMTOEDIENINGS HOEVEELHEDE VAN SORGOMIL GOLD 600 SC PLUS DUAL GOLD.

| Grondtipe | % Klei | SORGOMIL GOLD 600 SC (€/ha) | DUAL GOLD (€/ha) |
|-------------------|---------|-----------------------------|------------------|
| Sand | 0 - 10 | 2.2 | 0.25 |
| Sandleem/leemsand | 11 - 20 | 2.6 | 0.4 |
| Sandkleileem | 21 - 30 | 3 | 0.5 |
| Sandkleileem | 31 - 40 | 3.7 | 0.6 - 1 |
| Sandklei | > 40 | NIE AANBEVEEL | |

Belangrik:

SORGOMIL GOLD 600 SC plus DUAL GOLD teen 2.2 plus 0.25 €/ha sal nie *C. esculentus* bevredigend beheer nie.

Op gronde van die Noordwestelike Vrystaat en Noordwes Provinsie met 0 - 15% klei moet 'n toedieningshoeveelheid van 2.2 €/ha SORGOMIL GOLD 600 SC plus 0.25 €/ha DUAL GOLD nie oorskry word nie.

Op gronde met meer as 30% klei kan die hoërtoedieningshoeveelheid van DUAL GOLD gebruik word om die beheer van *C. esculentus* te verbeter.

8.2.3 SORGOMIL GOLD 600 SC of SORGOMIL GOLD 600 SC plus DUAL GOLD met GESAPRIM 90 WG

SORGOMIL GOLD 600 SC en SORGOMIL GOLD 600 SC plus DUAL GOLD gee soms onbevredigende beheer van *Cleome monophylla* en soms onbevredigende laat-seisoen beheer van mielie-Crotalaria (*C. sphaerocarpa*). Indien swaar infestaties van hierdie onkruid voorkom, is dit raadsaam om SORGOMIL GOLD 600 SC plus GESAPRIM 90 WG in 'n tenkmengsel toe te dien.

TABEL 6: TOEDIENINGSHOEVEELHEDE VAN SORGOMIL GOLD 600 SC OF SORGOMIL GOLD 600 SC PLUS DUAL GOLD PLUS GESAPRIM 90 WG OP MIELIES:

| Grondtipe | % Klei | SORGOMIL GOLD 600 SC (€/ha) | GESAPRIM 90 WG (€/ha) | DUAL GOLD (€/ha) |
|-------------------|---------|-----------------------------|-----------------------|------------------|
| Sand | 0 - 10 | 1.2 | 0.8 | 0.35 |
| Sandleem/leemsand | 11 - 20 | 1.4 | 1 | 0.5 |
| Sandkleileem | 21 - 30 | 1.5 | 1.1 | 0.7 |
| Sandklei/turf | 31 - 40 | 1.9 | 1.4 | 0.8 - 1.4 |

8.3 MIELIES EN GRAANSORGHUM

(Na-opkomstoediening)

SORGOMIL GOLD 600 SC en SERVIAN kan na-opkoms in 'n tenkmengsel gebruik word om beheer van *Cyperus* spp. en breëblaaronkruid te verkry. Grasse moet voor-opkoms met DUAL GOLD beheer word. Wisselbou met koring en bone is moontlik indien by die hoeveelhede in TABEL 7 gehou word. Raadpleeg die SERVIAN etiket.

TABEL 7: TOEDIENINGSHOEVEELHEDE VAN SORGOMIL GOLD 600 SC PLUS SERVIAN VIR NA-OPKOMS BEHEER VAN SEKERE BREËBLAARONKRUIDE EN UINTJIES IN MIELIES EN GRAANSORGHUM:

| | SERVIAN (g/ha) | SORGOMIL GOLD 600 SC (€/ha) |
|-----------------------------|----------------|-----------------------------|
| Na-opkoms (alle grondtipes) | 50 | 1 |

8.4 WISSELBOU

Bogenoemde toedieningshoeveelhede van SORGOMIL GOLD 600 SC soos aanbeveel in TABELLE 1 - 6 kan triasien-gevoelige opvolggewasse soos grondbone, droëbone, sojabone, sonneblomme, koring, groente, katoen en tabak beskadig. Waar hierdie gewasse as opvolggewasse beplan word, moet die SORGOMIL GOLD 600 SC toediening nie 2.1 €/ha oorskry nie (TABEL 8).

Op gronde met 0 - 10% klei in die Noordwes Provinsie en Noordwestelike Vrystaat of op kalkryke gronde kan hierdie lae dosisse van SORGOMIL GOLD 600 SC nog steeds opvolggewasse beskadig. Hierdie lae dosisse mag ook swakker breëblaaronkruidbeheer en korter nawerking op gronde met meer as 20% klei tot gevolg hê. Na-opkomsbeheer van breëblaaronkruid moet voorkeur geniet wanneer wisselbou met gevoelige gewasse onderneem word.

TABEL 8: DUAL GOLD VOOR-OPKOM TOEGEDIEN OF VOOR PLANT INGEWERK IN 'N TENKMENGSEL MET OF GEVOLG DEUR SORGOMIL GOLD 600 SC VROEG NA-OPKOM IN 'N WISSELBOUSITUASIE:

| Grondtipe | % Klei | DUAL GOLD (€/ha) | SORGOMIL GOLD 600 SC (€/ha) |
|-----------------------|---------|------------------|-----------------------------|
| Sand | 0 - 10 | 0.3 - 0.5 | 2.1 |
| Leemsand/sandleem | 11 - 20 | 0.5 - 0.6 | 2.1 |
| Sandkleileem | 21 - 30 | 0.6 - 0.8 | 2.1 |
| Sandkleileem/sandklei | 31 - 40 | 0.8 - 0.9 | 2.1 |
| Sandklei/turf | 41 - 50 | 0.9 - 1.1 | 2.1 |

Belangrik:

Waar DUAL GOLD, METAGAN GOLD of SERVIAN saam met SORGOMIL GOLD 600 SC gebruik word, geld die voorwaardes en gebruiksbepelings wat op die betrokke etiket voorkom, ook. Raadpleeg dus die betrokke etiket.

8.5 Broodgewasse soos aangedui op die hoofpaneel

TABEL 9: TOEDIENINGSHOEVEELHEDE VAN TENKMENGSELS VAN SORGOMIL GOLD 600 SC EN GLIFOSAAT:

| Toedieningstyd | SORGOMIL GOLD 600 SC (€/ha) | Glyphosate 180 SL (€/ha) |
|--|-----------------------------|--------------------------|
| Winterreënstreek Aanvanklike na-opkom-beheer van winter onkruid of Ontkiemde somer onkruid | 3.5 - 4.2 2.8 | 5 - 6 4 |

TABEL 9 vervolg

| Toedieningstyd | SORGOMIL GOLD 600 SC (ℓ/ha) | Glyphosate 180 SL (ℓ/ha) |
|--|-----------------------------|--------------------------|
| Sommerreënstreek Beheer van gelyste onkruid. Gebruik die hoër toedienings hoeveelheid vir groter onkruid | 2.8 - 4.2 | 4 - 6 |

Opmerkings

- Laat 'n tydsverloop van 14-dae tussen snoei en bespuiting toe.
- Gebruik die hoër-toedieningshoeveelheid as grasse en moeilik-beheerbare breëblaaronkruid, bv. *P. echinoides*, *E. moschatum* en *M. polymorpha*, die oorwegende onkruid is.
- Gebruik die hoër toedieningshoeveelheid as die onkruidgrootte meer as 30 cm is.
- Gebruik die laer toedieningshoeveelheid van tenkmengsels van **SORGOMIL GOLD 600 SC** en glifosaat in jong plantasies (1 - 2 jaar) wat op sanderige gronde (< 10% klei) groei.
- Tenkmengsels van **SORGOMIL GOLD 600 SC** en glifosaat kan gemeng word met FALCON GOLD (1 - 1.6 ℓ/ha) in *Eucalyptus* plantasies om die residuele effek op grasse te verbeter. Raadpleeg die FALCON GOLD etiket.
- Die beheer van onkruid groter as 30 cm kan verbeter word deur hulle af te kap en toe te laat om te hergroei tot die aanbevole grootte, voor toediening van tenkmengsels van **SORGOMIL GOLD 600 SC** en glifosaat.
- Stroke/kolle meerjarige onkruid moet met 'n geskikte kontak- of sistemiese onkruiddoder beheer word.
- Swak residuele beheer van vlak ontkiemende onkruid, bv. *T. minuta* kan verwag word van tenkmengsels van **SORGOMIL GOLD 600 SC** en glifosaat toegedien op gronde met 'n lae organiese materie- en/of klei-inhoud wat gevolg word deur swaar besproeiing of reën.
- Die onderste blare van Eucalyptus boompies kan tydelike vergeling toon as 'n toediening van tenkmengsels van **SORGOMIL GOLD 600 SC** en glifosaat op ligte gronde gevolg word deur swaar reën. Dit sal egter geen nadelige effek op die boompies hê nie en die boompies sal ook vinnig uitgroei.
- Tenkmengsels van **SORGOMIL GOLD 600 SC** en glifosaat moet verkieslik gebruik word gedurende die fase wanneer onkruid aktief groei.
- Graad van beheer en duur van nawerking hang af van onkruidspesie, onkruidgrootte, groeitoestand tydens en na bespuiting, reënval en organiese materie-inhoud van die grond.
- Die groei van gevoelige onkruid word vinnig deur tenkmengsels van **SORGOMIL GOLD 600 SC** en glifosaat gestaak alhoewel die simptome nie waarneembaar mag wees voor 3 - 5 dae na toediening nie. Onkruidbeheer sal 10 - 14-dae na toediening plaasvind, afhangende van die groeitoestand en onkruidgevoeligheid.

COMPLEMENT®, CONCEP®, DUAL®, FALCON®, GESAPRIM®, METAGAN®, SERVIAN® en SORGOMIL® is geregistreerde handelsmerke van 'n Syngenta Groep Maatskappy. **SPRAY-AIDE** is 'n geregistreerde handelsmerk van Hygrotech Saad (Edms.) Bpk.

© SYNGENTA AG, 2000. Kopiereg van die dokument is voorbehou. Alle ongemagtigde vermeerdering word verbied.

SA Reg.: 2001-07-09